



LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS



2027 | Marokko

24 April - 06 Mei 2027



leefjoureis@twf.co.za | gerriepretorius.co.za



Uit die pen van

Gerrie Pretorius

*Music was my first love
but travel is my passion.*

Om waarlik die betekenis te verstaan van die woorde: “Leef Jou Reis” is om te ontdek, af te draai en die alternatiewe roete te vat. Om te eet en kuier saam met die plaaslike mense en onder hulle vel in te kruip sodat ons nie net bloot ‘n toeris is nie maar ‘n reisiger in die ware sin van die woord.

As boorling van Mosselbaai het ek die voorreg gehad om voet aan wal te sit op al 7 kontinente en met 85 lande se besoeke agter die rug wil ons jou saamnooi om deel te raak van ‘n reis familie.

Ons is die “cool kids” van reis en ons doen dit in styl...

Welkom by Leef Jou Reis.





Marokko

24 April - 06 Mei 2027

€3 795 Per persoon wat deel*

€4 995 Per enkel persoon*

Daar is min lande wat soveel uiteenlopende wêrelde in een reis bymekeer bring soos Marokko.

Van die Atlantiese kus en koningsstede tot die Atlasberge en die eindelose duine van die Sahara ontvou 'n land waar Arabiese, Berber- en Europese invloede oor eeue heen saamgesmelt het. Hier dwaal ons deur kronkelende medinas, besoek antieke kasbahs, reis oor bergpasse en beleef die stilte van die Sahara op die rug van 'n kameel.

Marokko verras ook met sy ryk kookkuns – geurige speserye, tradisionele disse en hartlike gasvryheid. Kom reis saam met Leef Jou Reis en beleef 'n land waar geskiedenis, kultuur en natuurskoon op 'n besondere manier saamvloei.





Marokko

24 April - 06 Mei 2027

€3 795 Per persoon wat deel*

€4 995 Per enkel persoon*

Hoogtepunte

Rabat: Marokko se hoofstad waar geskiedenis en die Atlantiese Oseaan mekaar ontmoet. Binne die Kasbah van die Oudayas lei wit-en-blou straatjies na uitsigte oor die kus, terwyl die stad se koninklike verlede vandag nog oral sigbaar is.

Chefchaouen: Teen die hange van die Rifberge lê Chefchaouen - die Blou Pêrel van Marokko. Die blou straatjies, klein pleintjies en rustige bergatmosfeer maak hierdie dorpie anders as enige ander plek in die land.


Volubilis: Die oorblyfsels van 'n Romeinse stad en UNESCO-wêrelderfenisgebied, waar besonder goed bewaarde mosaïeke, tempels en indrukwekkende boë vandag nog getuig van Marokko se Romeinse verlede.

Fes: Waar die daaglikse lewe steeds binne die eeue oue medina afspeel. Smal stegies, bedrywige souks en die beroemde leerlooïery laat jou ervaar hoe ambagsmanne hul vakmanskap al geslagte lank voortsit.

Saharawoestyn & Merzouga: 'n Kameelrit deur die duine, die stilte van die woestyn en aandete onder 'n sterrehemel maak hierdie 'n ervaring wat lank ná die reis by jou bly.

Todrakloof & Dadesvallei: Steil rotswande, groen oases en kronkelende bergpaaie vorm die agtergrond vir 'n reis deur van Marokko se mooiste landskappe.

Marrakesj: Wanneer die son sak, kom Marrakesj behoorlik tot lewe. Jemaa el-Fnaa-plein vul met musikante, straatkunstenaars, kosstalletjies en die geure van Marokkaanse kookkuns, terwyl die souks tot laat in die aand bruis van bedrywigheid.



DAG 1: 24 April 2027

Johannesburg

Vandag begin ons reis na Marokko! Ontmoet die Leef Jou Reis-span by die OR Tambo Internasionale Lughawe, vanwaar ons vertrek. 'n Reis vol nuwe ontdekkings, uiteenlopende landskappe en onvergeetlike ervarings wag op ons.

(Alle etes aan boord)



Marokko

24 April - 06 Mei 2027

€3 795 Per persoon wat deel*

€4 995 Per enkel persoon*



DAG 2: 25 April 2027

Casablanca

Met ons aankoms in Casablanca begin ons Marokkaanse avontuur met 'n besoek aan die Hassan II-moskee, wat aan die rand van die Atlantiese Oseaan verrys. Van hier af reis ons na die kusstad Rabat, een van Marokko se vier keiserlike stede.

Nadat ons by die hotel ingeboek en 'n bietjie gerus het, ontmoet ons mekaar vir 'n tradisionele Marokkaanse verwelkomings-aandete. Dit is die ideale geleentheid om kennis te maak met die geure van Marokko én om ons medereisigers beter te leer ken.

Oornag: Rabat (Aandete)



DAG 3: 26 April 2027

Rabat | Meknes | Chefchaouen

Na ontbyt vertrek ons om die Kasbah van die Oudayas te verken – 'n vesting aan die Atlantiese kus waar wit-en-blou strate in Andalusiese styl uitloop op uitsigte oor die see. Hier wandel ons deur die witgekalkte stegies en langs die eeue oue vestingmure terwyl ons die karakter van hierdie UNESCO Wêrelderfenisgebied ervaar.

Daarna maak ons 'n kort fotostop in Meknes, nóg 'n keiserlike stad wat dikwels as die “Marokkaanse Versailles” beskryf word.

Laatmiddag bereik ons Chefchaouen, hoog teen die Rifberge geleë. Die blou huise en kronkelende straatjies gee hierdie bergdorpie sy eie karakter. Geniet tyd om deur die medina te stap en die dorp op jou eie pas te verken.

Oornag: Chefchaouen (Ontbyt & Aandete)



Marokko

24 April - 06 Mei 2027

€3 795 Per persoon wat deel*

€4 995 Per enkel persoon*

DAG 4: 27 April 2027

Chefchaouen | Fes

Na ontbyt vertrek ons na Volubilis, een van Marokko se bes bewaarde UNESCO-wêrelderfenisgebiede. Hier wandel ons tussen die indrukwekkende oorblyfsels van 'n Romeinse stad waar goed bewaarde mosaïeke, tempels en monumentale boë vandag nog getuig van 'n tyd toe hierdie streek deel van die Romeinse Ryk was. Volubilis was eens 'n welvarende handelsentrum, bekend vir sy olyfolieproduksie en strategiese ligging.

Daarna reis ons verder na Fes, Marokko se geestelike en kulturele hart. Hierdie legendariese stad, met sy eeue oue tradisies en ryk geskiedenis, word beskou as een van die mees fassinerende stede in die Arabiese wêreld.

Nadat ons by die hotel ingeboek en bietjie verfris het, geniet ons 'n heerlike aandete saam.

Oornag: Fes (Ontbyt & Aandete)

DAG 5: 28 April 2027

Fes

Vandag ontdek ons waarom Fes al meer as 'n duisend jaar as die kulturele hart van Marokko beskou word. Agter die stadsmure ontvou die stad se daaglikse lewe tussen eeue oue geboue, bedrywige markte en ambagte wat Fes sy unieke karakter gee.

Ons besoek die hekke van die Koninklike Paleis voordat ons uitsigte oor die medina geniet en 'n tradisionele keramiekwerkswinkel besoek waar vakmanne hul ambag steeds met die hand beoefen.

Ons stap die medina binne – 'n doolhof van smal stegies waar winkeltjies, markte en werkswinkels skouer aan skouer staan. Hier besoek ons ook die Al-Karaouine Moskee en Universiteit voordat ons die beroemde Chouara-leerlooierij bereik. Die leerlooierij dateer uit die 11de eeu en is vandag een van Fes se bekendste besienswaardighede, waar die fyn vakmanskap van leerverwerking in elke stap van die proses sigbaar is.

Vanaand geniet ons aandete by 'n plaaslike restaurant, waar tradisionele Marokkaanse gunsteling soos kefta en pastilla, saam met geurige kruisementtee, op die spyskaart is.

Oornag: Fes (Ontbyt & Aandete)





Marokko

24 April - 06 Mei 2027

€3 795 Per persoon wat deel*

€4 995 Per enkel persoon*

DAG 6: 29 April 2027

Sahara Woestyn

Vandag reis ons suid, waar die landskap geleidelik verander van bergpasse en valleie na die uitgestrekte duine van die Sahara.


Ons ry deur die Middel-Atlasberge en verby Berberdorpie wat teen die berghange lê. Ons eerste stop is Ifrane, bekend as die "Switserland van Marokko" danksy sy netjiese strate, Europese argitektuur en koel bergklimaat.

In Midelt geniet ons middagete voordat die reis verder deur die Ziz-kloof en die Ziz-vallei gaan. Dit is moeilik om die skielike verandering in die landskap mis te kyk wanneer die droë berghange plek maak vir een van Marokko se grootste palm-oases, waar miljoene dadelpalms 'n groen lint deur die landskap vorm.

Teen laatmiddag bereik ons Merzouga, die poort na die majestueuse Sahara. Hier wag een van die mees onvergeetlike ervarings van die toer op ons wanneer ons op die rug van 'n kameel oor die golwende duine na ons luukse woestynkamp ry.

Soos die son agter die duine verdwyn en die nag oor die woestyn sak, geniet ons 'n besondere aandete onder 'n helder sterreheemel. Dit is 'n ware emmerlys-ervaring en ongetwyfeld een van die hoogtepunte van ons reis deur Marokko.

Oornag: Merzouga (Ontbyt, Middagete & Aandete)



DAG 7: 30 April 2027

Merzouga

Word wakker met die sonsopkoms oor die eindelose goue duine van die Sahara – 'n onvergeetlike gesig wanneer die eerste sonstrale die woestyn in warm skakerings van goud kleur. Ná 'n tradisionele Berber-ontbyt vertrek ons na ons volgende tuiste, 'n pragtige Marokkaanse kasbah aan die rand van die woestyn.

Die res van die dag is joune om teen jou eie pas te geniet. Besoek gerus 'n plaaslike nomadefamilie vir 'n unieke blik op die tradisionele woestynlewe, of, vir die meer avontuurlustiges, verken die indrukwekkende Erg Chebbi-duine tydens 'n opwindende vierwielmotorfietsrit.

Vanaand geniet ons weer 'n heerlike aandete met die majestueuse Sahara as agtergrond – die perfekte afsluiting van nóg 'n besondere dag in die woestyn.

Oornag: Merzouga (Ontbyt & Aandete)



Marokko

24 April - 06 Mei 2027

€3 795 Per persoon wat deel*

€4 995 Per enkel persoon*

DAG 8: 01 Mei 2027

Dadesvallei Via Todrakloof

Vandag volg ons een van Marokko se mooiste roetes. Ons vertrek na die Todrakloof, waar kranse van byna 300 meter weerskante van die rivier verrys. Hierdie smal kloof is een van Marokko se bekendste natuurgebiede en 'n gewilde plek vir fotografie. Van hier af reis ons deur die oase van Tinghir voordat die landskap plek maak vir die rotsformasies en valleie van die Hoë Atlasberge.

Teen laatmiddag bereik ons die Dadesvallei, bekend vir sy vyebome en Damaskus-rose wat elke lente blom. Ná 'n dag op die pad geniet ons saam aandete voordat ons die aand in hierdie rustige vallei afsluit.

Oornag: Dadesvallei (Ontbyt & Aandete)



DAG 9: 02 Mei 2027

Marrakesj

Vanoggend reis ons deur 'n landskap wat lyk asof dit reguit uit 'n rolprent kom - en dit is inderdaad so! Vandag volg ons een van Marokko se bekendste reisroetes, waar antieke kasbahs, indrukwekkende bergpasse en asemrowende valleie die toneel vorm.

Ons eerste stop is Kelaat M'Gouna, die "Rooshoofstad" van Marokko, waar roosvelde elke lente blom en plaaslike produkte van Damaskus-rose gemaak word.



Marokko

24 April - 06 Mei 2027

€3 795 Per persoon wat deel*

€4 995 Per enkel persoon*

Daarna besoek ons Ouarzazate en die Taourirt Kasbah voordat ons Aït Ben Haddou bereik, een van Marokko se bekendste UNESCO Wêrelderfenisgebiede. Hierdie versterkte kleidorpie, of ksar, is wêreldbekend vir sy klei-argitektuur en het al in rolprente en televisiereekse soos Gladiator en Game of Thrones verskyn.

Van hier af kruis ons die Hoë Atlasberge via die Tizi n'Tichka-bergpas, waar die pad deur kronkelende bergpasse, klein Berbernedersettings en uitsigte oor diep valleie loop. Teen laatmiddag bereik ons Marrakesj, waar die laaste hoofstuk van ons Marokkaanse avontuur begin.

Oornag: Marrakesj (Ontbyt)

DAG 10: 03 Mei 2027

Marrakesj

Na ontbyt begin ons die dag in die hart van Marrakesj – 'n stad van kleur, bedrywigheid en betowering. Tydens 'n begeleide stadstoer ontdek ons waarom hierdie keiserstad reisigers al eeue lank bekoor.

Ons besoek die Koutoubia-moskee, die bekendste landmerk van die stad, voordat ons verder na die Bahia-paleis gaan. Hier vertel fyn mosaïekwerk, sierlik gekerfde plafonne en rustige binnehowe die verhaal van Marokko se koninklike verlede.

Ons verruil die bedrywige stad vir die Majorelle-tuine, waar eksotiese plante, kabbelende fonteine en die kenmerkende kobaltblou geboue 'n oase van rustigheid skep. Die tuine is in die 1980's deur die wêreldbekende modeontwerper Yves Saint Laurent en sy lewensmaat Pierre Bergé gered en sorgvuldig gerestoureer, en is vandag een van Marrakesj se mooiste besienswaardighede.





Marokko

24 April - 06 Mei 2027

€3 795 Per persoon wat deel*

€4 995 Per enkel persoon*

Die res van die middag is joune om Marrakesj op jou eie pas te verken. Dwaal deur die medina, ontdek die souks, geniet die geure van plaaslike kookkuns of neem plek in by 'n straatkafée en kyk hoe die stad om jou ontvou.

Wanneer die son begin sak, verander Jemaa el-Fnaa-plein in die kloppende hart van Marrakesj. Musikante, storievertellers, straatkustenaars en kosstalletjies vul die plein met kleur, klank en die geure van Marokkaanse straatkos – die ideale afsluiting van nog 'n dag in hierdie besondere stad.

Oornag: Marrakesj (Ontbyt)



DAG 11: 04 Mei 2027

Marrakesj

Vandag behoort aan jou om Marrakesj verder te verken.

Dwaal deur die kronkelende stegies van die UNESCO Wêrelderfenisgebied, besoek die souks, ontdek klein binnehowe en straatkafees of doen daardie laaste inkopies voordat ons huiswaarts keer. Vir diegene wat verkies om stadiger te reis, is dit die ideale geleentheid om die ritme van die stad in te neem en die mense om jou dop te hou.

Vanaand sluit ons ons Marokkaanse avontuur af met 'n afskeids-aandete by 'n tradisionele restaurant. Terwyl ons saam om die tafel kuier, dink ons terug aan die blou straatjies van Chefchaouen, die eeue oue medina van Fes, die stilte van die Sahara, die kronkelende bergpasse van die Hoë Atlasberge en die kleurvolle strate van Marrakesj – herinneringe wat hierdie reis nog lank sal laat voortleef.

Oornag: Marrakesj (Ontbyt & Aandete)

DAG 12: 05 Mei 2027

Totsiens Marokko

Na ontbyt vertrek ons na die lughawe vir ons terugvlug huis toe. Terwyl ons afskeid neem van Marokko, dink ons terug aan die stede, bergpasse, woestyn, markte en mense wat hierdie reis so besonders gemaak het. Saam het ons nuwe plekke ontdek, herinneringe geskep en 'n dieper waardering vir 'n land van uiteenlopende landskappe, eeue oue tradisies en hartlike gasvryheid.

(Ontbyt en alle etes aan boord)



Marokko

24 April - 06 Mei 2027

€3 795 Per persoon wat deel*

€4 995 Per enkel persoon*

DAG 13: 06 Mei 2027

Johannesburg

Welkom tuis!

Ons kom vandag in Johannesburg aan met tasse vol aandenkings, kameras vol foto's en herinneringe aan 'n reis deur een van Noord-Afrika se mees fassinerende bestemmings.

Baie dankie dat jy saam met Leef Jou Reis gereis het. Ons hoop hierdie is net die begin van nog vele avonture saam. Welkom by die Leef Jou Reis-familie!



Pakket Sluit In

- 10 Nagte se verblyf met daaglikse ontbyt
- Lughawevervoer met aankoms en vertrek (indien groepsvlugte gebruik word)
- Luukse lugversorgde bus vir die volle duur van die toer
- 8 Aandetes, insluitend 'n verwelkomings-aandete in Rabat en 'n afskeids-aandete in Marrakesj
- 1 Middagete
- Sonsondergang-kameelrit in die Sahara Woestyn
- Begeleide toere van Marrakesj, Rabat, Volubilis, Fes en Aït Ben Haddou
- Toegang tot die Majorelle-tuine
- Plaaslike Engelssprekende gids
- Leef Jou Reis as toerleier en gasheer

Pakket Sluit Uit

- Visumkoste
- Internasionale vlugte tussen Suid-Afrika en Marokko
- Plaaslike vlugte binne Suid-Afrika
- Reisversekering (ons help jou graag hiermee)
- Middagetes en aandetes (tensy anders gespesifiseer)
- Drankies (tensy anders gespesifiseer)
- Opsionele aktiwiteite en toegangsgelde (tensy anders gespesifiseer)
- Fooitjies
- Persoonlike uitgawes



Marokko

24 April - 06 Mei 2027

€3 795 Per persoon wat deel*

€4 995 Per enkel persoon*

Dinge Om te Onthou

- 'n Visum is verpligtend en op eie koste. Ons sal jou egter tydens die aansoekproses bystaan en alle nodige dokumentasie verskaf. *DIE MAROKKAANSE AMBASSADE VEREIS DAT ALLE AANSOEKERS PERSOONLIK BY HUL KANTOOR IN PRETORIA VERSKYN VIR HUL VISUMAANSOEK.*
- Jy benodig 'n paspoort met twee skoon bladsye wat geldig is vir 6 maande ná terugkeer (05 November 2027).
- 'n Leef Jou Reis-spanlid sal deurentyd beskikbaar wees om met alle vrae en inligting te help.
- Opsionele ekstras word aangebied met behulp van die Leef Jou Reisspan, maar toerlede is vry om te kom en gaan soos hulle wil.
- **NB: Jy is in goeie hande en kan eenvoudig agteroor sit en die reis geniet, maar ook jou eie pas bepaal. By Leef Jou Reis stap ons graag, maar daar is alternatiewe opsies wat spontaan opduik en ons kan selfs 'n taxi huur.**
- Om die besienswaardighede op hierdie toer ten volle te kan geniet, moet jy fiks wees en in staat om gemaklik sowat 5 kilometer deur die dag te stap.
- Kom met 'n oop gemoed en maak nuwe vriende.
- Ongeveer 'n week voor ons vertrek, skep ons 'n WhatsApp-groep om inligting deur te gee. Dit is jou kommunikasiekanaal met Leef Jou Reis. Maak asseblief seker dat jy al die korrekte selfoonnommers op jou besprekingsvorm verskaf om by die groep ingesluit te word. Tydens en ná die toer sal ons ook foto's en video's hier deel.

- Neem asseblief ook kennis dat, indien nodig, ons van die dae se programme kan uitruil om seker te maak dat jy die beste reiservaring het.
- Die programme sluit bed en ontbyt, aandetes, middagetes en toere soos aangedui, in.





Marokko

24 April - 06 Mei 2027

€3 795 Per persoon wat deel*

€4 995 Per enkel persoon*

Wat Nou...?

Stappe om jou plek op die toer na die Marokko te verseker:

STAP 1

As jy by ons wil aansluit op hierdie opwindende toer, stuur jou e-posadres en selfoonnommer na leefjoureis@twf.co.za. Ons stuur dan die besprekingsvorm wat jy moet invul en terugstuur, saam met 'n afskrif van jou ID / paspoort en die bewys van betaling van die deposito.

STAP 2

Hierdie reisplan is redelik volledig en behoort al die inligting te bevat wat jy gaan benodig. Ons stig nader aan die tyd 'n WhatsApp-groep vir verdere kommunikasie. Maak dus seker dat jy die korrekte selfoonnommer verskaf. Indien jy enige vrae het, stuur gerus 'n e-pos of WhatsApp 082 923 3626.

STAP 3

Raak opgewonde en sien uit na die toer en beleef die betowerende kontras van Marokko!

Deposito

- Om jou plek op hierdie baie spesiale toer te verseker, vereis ons 'n nie-terugbetaalbare deposito van R20 000.00. Neem asseblief kennis dat ons verplig is om die deposito en administrasiefooi aan ons operateurs te betaal. Lees dus asseblief die bepalings en voorwaardes soos op die webwerf vervat.
- Die tweede betaling van R20 000 is teen 20 Oktober 2026 betaalbaar en die totale uitstaande bedrag is teen 20 Januarie 2027 betaalbaar.
- Die wisselkoers vir die toerprys is gebaseer op 1Euro = R20.00, sodat ons alle kostes en wisselkoers verskille tydens betalings na die buiteland kan dek. Dit word bepaal op die bedrag en die datum wat ons ons verskaffers betaal. Pryse is gebaseer op elektroniese betalings.

Bankbesonderhede & Prys

Rekening Naam	:	LeefJouReis TWF
Bank	:	Standard Bank
Takkode	:	051001
Rekeningnommer	:	012324523

Deposito verwysingsnommer: MOR27 + NAAM & VAN

Maak asseblief seker jy gebruik die korrekte verwysingsnommer en jy stuur 'n bewys van betaling aan ons by: leefjoureis@twf.co.za

€3 795 Per persoon wat deel* | €4 995 Per enkelpersoon*



LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS

VIR MEER INLIGTING KONTAK ONS GERUS OP:

Selfoon: +27 82 923 3626

Epos: bookings@gerriepretorius.co.za | leefjoureis@twf.co.za

Webwerf: www.gerriepretorius.co.za

BLY OP HOOGTE EN VOLG ONS OOK OP SOSIALE MEDIA:

 Leef jou Reis Vriende  @GerrieOfficial  @Gerriepret

 Leef jou Reis met Gerrie Pretorius

Managed by **Travel With Flair**

At your service!

Site


www.twf.travel | 0861 777 747




INCENTIVES, MEETINGS & EVENTS (Pty) Ltd